

**Vrydag 1 Desember**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-24**

**Fokusgedeelte: Genesis 3:15, 16, 19**

### **Verhoudingskonflik**

God vereis gehoorsaamheid eerstens aan Hom. In Genesis, wat beteken *Begin*, lees ons hoe en waar alles ontstaan het. Ook die begin van verhoudings; die eerste verhouding tussen God en man, en die eerste verhouding tussen man en vrou. En in God se eie woorde, “*dit was goed*”.

Hoofstuk 3 is waar alles verkeerd gegaan het. Ons almal ken die storie: Die slang mislei die vrou, die vrou oortuig haar man, hulle eet van die vrugte en besef hulle is kaal, en net daar verander alles ... die mens word bewus van homself, die eie-ek is gebore!

Wanneer God hulle vra oor wat hulle gedoen het, is verskoning soek en selfverontskuldiging al wat uit hulle monde kom. Man blameer sy vrou en vrou beskuldig die slang, niemand wil verantwoordelikheid aanvaar nie, en hier sien ons hoe verhoudings verander het. Die mens *kruip vir God weg* (Gen. 2:24), hulle verhouding met God is nie meer dieselfde nie. Die mens *word skaam* (Gen. 3:8), hulle verhouding met mekaar is gebroke.

God luister nie na verskonings nie, almal word gestraf. In vers 15 kry ons die slang se straf en vervloeking, in vers 16 die gevolg van die vrou se ver-keerde dade. Die man se straf in vers 17, 18 en 19 sluit nie net harde hande-arbeid in nie, maar is so intens dat die hele aarde vervloek is deur sy onge-hoorsaamheid. Dit is hoe ernstig God is oor gehoorsaamheid aan Hom.

It is uit liefde vir ons wederhelftes dat ons hulle tevrede en gelukkig wil sien, maar as dit vereis dat ons selfs in die minste aan God se wil onge-hoorsaam moet wees, is dit nie reg nie. *God vereis gehoorsaamheid eerstens aan Hom.*

*Ds. Jan-Louis Coetzer (Postmasburg)*